



# Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Montanapoort

Geliefde Montanapoorter

President Ramaphosa het gedurende sy nuuskonferensie van 15 Maart 2020 ingrypende en verreikende maatreëls aangekondig om die verspreiding van die COVID-19 virus in Suid Afrika te beperk.

Binne die raamwerk van die voorkomende maatreëls wat ingestel is deur ons nasionale regering, het die Kerkraad op 17 Maart 2020 vergader om biddend te besluit hoe ons as bruidsgemeente van Christus binne hierdie beperkings in verantwoordelikheid moet optree, inaggenome dat ons gemeente bestaan uit mense van alle ouderdomme en wisselende gesondheidstatus.

In die lig hiervan, die volgende besluite soos geneem op 17 Maart 2020 deur die Kerkraad tydens die vergadering:

**1. Eredienste**

In die lig van die Staatspresident se aankondiging van 15 Maart 2020 sal alle oggend- en aandereidienste vanaf eerskomende Sondag 22 Maart 2020 tot en met 19 April 2020 nie plaasvind nie. (Vergelyk Rom. 13)

**2. Paasfees Nagmaal**

In die lig van bogenoemde wat betrekking het op die eredienste, sal die Paasfees Nagmaal van 9 April 2020 nie meer plaasvind nie.

**3. Katkisasie**

Katkisasiëse, beide op Sondag en Woensdag sal tot en met 19 April 2020 nie plaasvind nie.

**4. Bybelstudie**

Bybelstudie binne die tydsgleuf 18 Maart 2020 tot 19 April 2020 sal nie plaasvind nie.

**5. Troosdienste**

Troosdienste sal vir die huidige voortgaan. Daar sal binne hierdie tydperk met die familie gereël word hoe die bediening van versorgings hanteer sal word.

**6. Hospitaal en siekebesoeke**

Geen hospitaalbesoeke sal tot en met 19 April 2020 plaasvind nie. Neem asb. wel die vrymoedigheid om, indien moontlik, Dr Heystek minstens 4 dae voor hospitaalopname te kontak vir 'n besoek aan huis.

**7. Huisbesoek**

Alle huisbesoeke deur die predikant, sowel as deur ouderlinge en diakens sal binne hierdie tydperk telefonies geskied.

**8. Oordenkings in Aftreeoorde**

Oordenkings by Aftreeoorde soos geskeduleer binne hierdie tydsraamwerk sal ook nie meer plaasvind nie.

Die Kerkraad het verder 'n taakspan benoem wat deurentyd die situasie monitor en soos ons 19 April 2020 nader, die Kerkraad met voorstelle sal bedien om die nodige besluite te neem, waarna dit aan die gemeente deurgegee sal word. Hierdie taakspan sal verder fokus op alternatiewe wyses van Woordbediening binne hierdie tydperk.

### **Kerklike dankoffergawes**

Kerklike dankoffergawes bly deel van ons dankbaarheid en wederliefde en te midde van omstandighede moet ons verantwoordelikheid hierin nie agterweë bly nie. Oorweeg dit biddend om jou offergawe vir die diens van barmhartigheid in die diakonie se bankrekening te betaal ten einde die diakens in staat stel om hulle liefdesdiens voort te sit.

**Diakonie se bankbesonderhede: ABSA; Rekening naam: Geref. Diakonie Pta-Montanapoort; Rekening nommer: 405 609 3922; Takkode: 632005.**

Lidmate wie se maandelikse dankoffer nie elektronies of per debietorder geskied nie word ook vriendelik versoek om dit in die gemeente se bankrekening te betaal.

**Gemeente se bankbesonderhede: ABSA; Rekening naam: Geref. Kerk Pta-Montanapoort; Rekening nommer: 404 960 3702; Takkode: 632005; Verwysing: Lidmaat se voorletters en van.**

Die besluite is inderdaad ingrypend en wil die Kerkraad u weereens die versekering gee dat dit in die grootste verantwoordelikheid voor die Here geneem is. Hou verder in gedagte dat 33% van ons lidmate bo die ouderdom van 65 jaar is en daar verskeie lidmate in ons gemeente is wat meer kwesbaar is en ons hulle en elke ander lidmaat in ag neem.

Ons vertrou dat die Here ook hierdie uniek ongekenede omstandighede en ons Sy kinders sal gebruik tot verheerliking van Sy Naam. Dink in jou gebede aan ons gemeente, ons land en die hele wêreld in hierdie besondere omstandighede en doen voorbidding vir regerings en besluitnemers wêreldwyd.

Namens die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Montanapoort



**DR. PH HEYSTEK**  
Voorsitter



**OU DL. PP DU PLESSIS**  
Skriba

2020-03-18